Sondag 31 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 13:11-13	Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 13:11, 13

Die God van liefde en vrede sal by jou wees

Paulus eindig sy brief en God se boodskap aan alle gelowiges met geweegde woorde. Na die konflik en onenigheid, na die hartseer, bekering en blye versoening, die aansporing tot vrygewigheid, en te midde van party wat steeds opstand koester – spoor hy hulle aan.

Streef na geestelike volwassenheid – kom by jou fisiese aardse denke verby, laat die Here jou geestesoë oopmaak om te onderskei waarop dinge werklik aankom. Aanvaar vermaning – praat en dink minder vanuit jouself en luister na God se stem deur die woorde van ander. Wees eensgesind – laat jou eenheid met ander gelowiges 'n bewys wees vir die wêreld dat Jesus gekom het en vir ons lief is. Leef in vrede – maak die vrede wat God in Christus met mense bewerk, sigbaar in die vrede wat jy in Christus het met God se ander kinders.

Is jy gefokus om in geestelike volwassenheid te lewe? Luister jy en gee jy regtig ag op God se vermaning deur sy Woord en deur ander gelowiges? Is jy eensgesind in strewe na Christus en sy vrede, ook die eenheid en vrede wat Hy werk tussen jou en ander gelowiges?

Dan groet Christus se gestuurde sy lesers van alle tye. Die genade van Christus – alles wat Hy met sy perfekte lewe en sy liefdesoffer aan die kruis verwerf en in sy oorwinning gewaarborg het; die liefde van God – wat so duidelik sigbaar is in die genade van Christus; die gemeenskap van die Heilige Gees – wat wedergeboorte en geloof wek om jou te laat deel in die genade van Christus en jou daarin troos, leer en lei: die Drie-enige God sal by julle almal wees.

Ontvang sy seën, gelowige kind van God, vereenselwig jou daarmee, eien dit vir jouself toe – "Amen".

Leef dan daarin, laat dit jou gedagtes rig, jou woorde en jou optrede bepaal.

Sing: Psalm 134-1:4

Ds. AJ Burger (Andries) (Pinetown)